

17 Oktober

Skrifgedeelte: Prediker 3 (OAV)

Vertrou God

Ons wil altyd in beheer wees. Ons wil weet hoekom en waarom dinge gebeur. Daarom is daar soveel spanning, pyn en bekommernisse in ons lewe – omdat ons nie altyd weet wat met ons gebeur het en wat besig is om te gebeur nie. Ons wil in beheer wees, maar ons kry dit nie reg nie. Dit lei tot frustrasie.

In hierdie hoofstuk gee God twee lesse aan ons. Eerstens: Die lewe word tevergeefs en frustrerend wanneer ons optree asof ons in beheer is. Tweedens: Die lewe word tevergeefs en frustrerend wanneer ons aandring op die reg om altyd ten volle te verstaan waarom dinge met ons gebeur.

Ons moet in al hierdie worstelinge onthou: God is soewerein. Hy is in beheer en Hy het 'n plan. Hy bepaal die grense van die lewe. Hy bepaal die tyd van elke mens en saak. Christus se dood wys vir ons dat daar 'n plan is. Sy optrede tydens die grootste onreg getuig van die besef dat die Vader in beheer is (1 Pet 2:23). Sy dood is nie vernietiging nie, maar 'n deurgang. Sy dood het oorwinning gebring.

Die Here het aan ons 'n taak gegee om te werk en te leef. Hiermee moet ons ons besig hou. Binne hierdie leef- en werkopdrag bring God op sy tyd en manier alles sinvol bymekaar.

Sy plan met ons hou seën in – nie vernietiging nie. Ontspan en geniet die lewe wat God vandag aan jou gee. Hy is die soewereine God wat in beheer is en op sy tyd alles goed sal laat uitwerk. Vertrou op Hom en aanbid Hom vir sy soewereiniteit.

Sing: Psalm 131:1,2,3

Ds TC de Klerk (Potchefstroom-Suid)